KENNISGEWING 304 VAN 2019

Platinum
TOWN PLANNERS

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 16 (1) (f) VAN DIE TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT GRONDGEBRUIKS BESTUURS BYWET, 2016 VIR DIE WYSIGING VAN DIE TSHWANE DORPSBEPLANNINGSKEMA 2008 (SOOS GEWYSIG IN 2014) SOOS VAN TOEPASSING OP ERF 472 FLORAUNA EXTENSION 1.

Ek, **Pieter Gerhard de Haas** ((Platinum Town and Regional Planners CC (2008/161136/23)), synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 472 Florauna x 1, geleë te 658 Berglaan, Florauna, Pretoria-North, gee hiermee kennis dat ek aansoek gedoen het by die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit ingevolge die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit se Grondgebruiksbestuurs Bywet 2016, vir die wysiging van die Tshwane Dorpsbeplanningskema, 2008 (soos gewysig in 2014) vir die hersonering van die genoemde erf **vanaf** "*Residensieël 3 met 'n digtheid van 36 eenhede, n dekking van 40%, n vloer ruimte verhouding van 0,4 en 2 verdiepings "* **na** " *Residensieël 3 met 'n digtheid van 36 eenhede met 'n dekking van 60%, n vloer ruimte verhouding van 0,45 en 2 verdiepings".*

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Munisipale kantore, Akasia, Kamer F12 Eerste vloer, 485 Heinrich Avenue (Ingang Dale Straat) Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 Februarie 2019. Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 Februarie 2019 skriftelik by of tot die Munisipale Bestuurder by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.Hierdie besware of vertoë moet duidelik aandui waarom die skrywer 'n geaffekteerde party is.Die kontakbesonderhede (bv. eposadres en telefoon- of selfoonnommer) van die skrywer moet ook duidelik aangedui word.

Sluitingsdatum vir enige besware en / of vertoë: **20 Maart 2019**

Adres van gemagtigde agent: Platinum Town and Regional Planners, Posbus 1194, Hartbeespoort, 0216. Telefoonnommers: 083 226 1316 of 072 184 9621

Datums waarop kennisgewing gepubliseer word: 20 en 27 Februarie 2019.

20-27